



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

**STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE
REKENINGKUNDIGE PRAKTYK**

GEKONSOLIDEERDE EN AFSONDERLIKE

FINANSIËLE STATE

(AERP 6)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* wat uitgegee is deur die International Federation of Accountants' International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB). Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is gevestig in die IFAC en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Hierdie Standaard het ook geput uit die International Accounting Standards (IASs), met inbegrip van vertolkings uitgegee deur die International Accounting Standards Board (IASB). Die goedgekeurde teks van die IAS is dié wat deur die IASB in die Engelse taal gepubliseer is. Eksemplare kan verkry word van:

IASB Publications Department

7th floor, 166 Fleet Street

London EC4A 2DY

United Kingdom

Internet: <http://www.iasb.org.uk>

Kopiereg vir IAS'e, vertolkings, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IASB is gevestig in die International Accounting Standards Committee Foundation (IASCF) en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.



AERP 6

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2005 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins, gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State

	Paragrawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 - .05
Woordomsrywings	.06 - .13
Ekonomiese entiteit	.11 - .13
Aanbieding van gekonsolideerde finansiële state	.14 - .18
Omvang van gekonsolideerde finansiële state	.19 - .43
Vasstelling van die beheer van 'n ander entiteit vir doeleindes van finansiële verslagdoening	.22 - .25
Beheer vir doeleindes van finansiële verslagdoening	.26 - .32
Regulatoriese en koopkrag	.33
Vasstelling of daar beheer bestaan vir doeleindes van finansiële verslagdoening	.34 - .36
Spesialedoelentiteit	.37 - .43
Konsolidasieprosedures	.44 - .58
In rekening bring van beleggings in beheerde entiteite, gesamentlik beheerde entiteite en geassosieerdes in afsonderlike finansiële state	.59 - .61
Openbaarmaking	.62 - .65
Oorgangsbepalings	.66
Inwerkingtredingsdatum	.67
Herroeping van ander uitsprake	.68
Bylae: Aanwysers van beheer oor 'n spesialedoelentiteit	
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities</i> (Mei 2000)	

GEKONSOLIDEERDE EN AFSONDERLIKE FINANSIËLE STATE

Hierdie Standaard is oorspronklik in November 2005 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaard van AERP in werking getree het: AERP 104 *Finansiële Instrumente*
- Gevolglike wysigings ná die hersiening van AERP 100 *Beëindigde Bedrywighede* in 2013

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP), soos gekodifiseer deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke en uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters, soos op 1 April 2012 goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos omskryf in die WOFB);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het goedkeuring verleen vir die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) uitgegee deur die International Accounting Standards Board om AERP te wees vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

AERP 6

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* word uiteengesit in paragraaf .01 tot .68. Alle paragrawe in hierdie Standaard is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings indien toepaslik, die *Voorwoord by Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings uitgereik wat deur die Raad wat deur die Raad uitgereik waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die inwerkingtreddingsdatums van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide in die afwesigheid van uitdruklike leiding.

Doelstelling

- .01 Die oogmerk met hierdie Standaard is om die omstandighede waarin gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state opgestel moet word en die inligting wat in daardie finansiële state ingesluit moet word, voor te skryf sodat die gekonsolideerde finansiële state die finansiële prestasie, finansiële stand en kontantvloei van 'n ekonomiese entiteit as 'n enkele entiteit weerspieël.

Voorts:

- (a) identifiseer hierdie Standaard die entiteite wat geskik is om vir doeleindes van finansiële verslagdoening tot gekonsolideerde finansiële state gekonsolideer te word;
- (b) stel dit prosedures vas vir die opstel van gekonsolideerde finansiële state wat die ekonomiese wese van die gekonsolideerde entiteit weerspieël;
- (c) spesifiseer dit die minimum wat in die gekonsolideerde finansiële state openbaar gemaak moet word; en
- (d) spesifiseer dit bepaalde openbaarmakings ten opsigte van beleggings in beheerde entiteite, beleggings in geassosieerdes en belange in gesamentlike ondernemings in die afsonderlike finansiële state van 'n beherende entiteit.

Omvang

- .02 ***'n Entiteit wat finansiële state volgens die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas by die opstel en aanbieding van gekonsolideerde finansiële state vir 'n ekonomiese entiteit.***
- .03 Hierdie Standaard handel nie oor metodes vir die in rekening bring van entiteitskombinasies en hul uitwerking op konsolidasie, met inbegrip van klandisiewaarde wat voortspruit uit 'n entiteitskombinasie nie (kyk die Standaard van AERP oor *Entiteitskombinasies*).
- .04 Hierdie Standaard moet ook toegepas word by die in rekening bring van beheerde entiteite, gesamentlik beheerde entiteite en geassosieerdes wanneer 'n entiteit verkies, of deur regulasies verplig word, om afsonderlike finansiële state aan te bied.
- .05 Hierdie Standaard stel vereistes vas vir die opstel en aanbieding van gekonsolideerde finansiële state, en vir die in rekening bring van beheerde entiteite, gesamentlik beheerde entiteite en geassosieerdes in die afsonderlike finansiële state van die beherende entiteit, die ondernemer en die belegger. Hoewel daar nie van SSO's vereis word om in hul eie finansiële state aan hierdie Standaard te voldoen nie, sal die bepalings van hierdie Standaard van toepassing wees waar 'n entiteit wat nie 'n SSO is nie, beskik oor een of meer beheerde entiteite wat SSO's is. In sulke omstandighede moet hierdie Standaard toegepas word by die konsolidering van SSO's in die finansiële state van die ekonomiese entiteit, en by die

in rekening bring van beleggings in SSO's in die beherende entiteit se afsonderlike finansiële state.

Woordomsrywings

.06 *Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:*

Rekeningkundige beleide is die spesifieke beginsels, grondslae, konvensies, reëls en praktyke wat deur 'n entiteit in die opstel en aanbieding van finansiële state aanvaar word.

Toevallingsgrondslag beteken 'n grondslag van rekeningkunde waarvolgens transaksies, ander gebeure en toestande erken word wanneer dit voorkom (en nie slegs wanneer kontant of die ekwivalent daarvan ontvang of betaal word nie). Die transaksies, ander gebeure of toestande word dus in die rekeningkundige rekords geboekstaaf en erken in die finansiële state van die tydperke waarop hulle van toepassing is. Die elemente wat onder toevallingsrekeningkunde erken word, is bates, laste, netto bates, inkomste en uitgawes.

Bates is hulpbronne wat deur 'n entiteit as gevolg van gebeure in die verlede beheer word en waaruit toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal verwag word om na die entiteit te vloei

Geassosieerde is 'n entiteit, met inbegrip van 'n ongeïnkorporeerde entiteit soos 'n vennootskap, waarin die belegger beduidende invloed het en wat nóg 'n beheerde entiteit nóg 'n gesamentlike onderneming van die belegger is.

Kontant behels kontant voorhande en opvraagbare deposito's.

Gekonsolideerde finansiële state is die finansiële state van 'n ekonomiese entiteit wat as dié van 'n enkele entiteit aangebied word.

Bydraes van eienaars beteken toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat bygedra is tot die entiteit deur partye buite die entiteit, buiten dié wat laste van die entiteit tot gevolg het, wat 'n finansiële belang in die netto bates van die entiteit vestig, en wat:

- (a) *geregtigdheid* beteken op sowel uitkerings van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur die entiteit gedurende sy leeftyd, welke uitkerings na die goeddunke van die eienaars of hul verteenwoordigers is, as op uitkerings van enige oorskot van bates bo laste in die geval waar die entiteit gelikwideer word; en/of
- (b) *verkoop, uitgeruil, oorgedra of afgelos* kan word.

Beheer is die vermoë om die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit korporatief te bestuur ten einde voordeel uit die bedrywighede daarvan te trek.

Beheerde entiteit is 'n entiteit, met inbegrip van 'n ongeïnkorporeerde entiteit soos 'n vennootskap, wat deur 'n ander entiteit (bekend as die beherende entiteit) beheer word..

Beherende entiteit is 'n entiteit wat een of meer beheerde entiteite het.

Kosprysmetode is 'n metode vir die in rekening bring van 'n belegging waardeur die belegging teen kosprys erken word. Die belegger erken inkomste uit die belegging slegs in die mate dat die belegger daarop geregtig is om uitkerings van opgehoopte surplusse van die beleggingnemer te ontvang wat ná die datum van verkryging ontstaan. Geregtighede wat ontvangbaar of ontvang is en meer is as sodanige surplusse word as 'n verhaling van belegging beskou en word as 'n vermindering van die koste van die belegging erken.

Uitkerings aan eienaars beteken ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat deur die entiteit aan al of sommige van sy eienaars uitgekeer word, hetsy as 'n opbrengs op belegging of as 'n terugbetaling van 'n belegging.

Ekonomiese entiteit beteken 'n groep entiteite wat 'n beherende entiteit en een of meer beheerde entiteite behels.

Ekwiteitsinstrument is 'n kontrak wat bewys is van 'n oorblywende belang in die bates van 'n entiteit ná aftrekking van al sy laste..

Uitgawes is afnames in ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk in die vorm van uitvloei of verbruik van bates of oploping van laste wat verminderings in netto bates tot gevolg het, buiten dié met betrekking tot uitkerings aan eienaars..

Billike waarde is die bedrag waarvoor 'n bate verruil kan word, of 'n las vereffen kan word, tussen ingeligte, gewillige partye in 'n armlengtetransaksie

Staatsakeonderneming is 'n entiteit wat, ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig:

- (a) 'n regspersoon onder die eienaarsbeheer van die nasionale/provinsiale uitvoerende bestuur is;
- (b) met die finansiële en bedryfsbevoegdheid beklee is om 'n sakeaktiwiteit te bedryf;
- (c) as sy hoofbesigheid goedere of dienste ooreenkomstig gewone sakebeginsels voorsien; en
- (d) ten volle of wesenlik gefinansier word uit bronne buiten:
 - (i) die Nasionale of Provinsiale Inkomstefonds; of
 - (ii) by wyse van 'n belasting, heffing of ander statutêre geld.

Gesamentlike beheer is die ooreengekome ooreengekome deling van beheer oor 'n aktiwiteit deur 'n bindende reëling wat slegs bestaan indien die strategiese finansiële en bedryfsbesluite met betrekking tot die aktiwiteit die

eenparige instemming vereis van die partye wat beheer deel (die ondernemers).

Gesamentlike onderneming is 'n bindende reëling waarvolgens twee of meer partye daartoe verbind word om 'n aktiwiteit te onderneem wat aan gesamentlike beheer onderworpe is.

Laste is huidige verpligtinge van die entiteit voortspruitend uit vorige gebeure, waarvan die aflossing na verwagting 'n uitvloeï uit die entiteit tot gevolg sal hê van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels..

Bestuur persone wat verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die aktiwiteite van die entiteit, met inbegrip van diegene wat verantwoordelik is vir die korporatiewe bestuur van die entiteit ooreenkomstig wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies te vervul.

Minderheidsbelang is daardie gedeelte van die surplus of tekort en netto bates van 'n beheerde entiteit toeskryfbaar aan netto batebelange wat nie, hetsy regstreeks of onregstreeks deur middel van beheerde entiteite, deur die beherende entiteit besit word nie.

Netto bates is die oorblywende belang in die bates van die entiteit ná aftrekking van al sy laste.

Verslagdoeningsdatum beteken die datum van die laaste dag van die verslagdoeningstydperk waarop die finansiële state betrekking het.

Inkomste is die bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk wanneer daardie invloei 'n toename in netto bates tot gevolg het, buiten toenames wat met bydraes van eienaars verband hou.

Afsonderlike finansiële state is dié wat deur 'n beherende entiteit, 'n belegger in 'n geassosieerde of 'n ondernemer in 'n gesamentlik beheerde entiteit aangebied word, waarin die beleggings in rekening gebring word op die grondslag van die regstreekse netto baterente eerder as op die grondslag van die gerapporteerde resultate en netto bates van die beleggingnemers.

Beduidende invloed is die vermoë om aan die finansiële en bedryfsbeleidbesluite van 'n aktiwiteit deel te neem, maar is nie beheer of gesamentlike beheer oor daardie beleide nie.

Spesialedoelentiteit is 'n entiteit, met inbegrip van 'n ongeïnkorporeerde entiteit soos 'n vennootskap, wat tot stand gebring is om 'n eng en goed omskrewe oogmerk te bereik (byvoorbeeld om 'n huur, navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite of sekuritering van finansiële bates te bewerkstellig).

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

- .07 'n Beherende entiteit of sy beheerde entiteit kan 'n belegger in 'n geassosieerde of 'n ondernemer in 'n gesamentlik beheerde entiteit wees. In sulke gevalle word

AERP 6

gekonsolideerde finansiële state wat in ooreenstemming met hierdie Standaard opgestel en aangebied word, ook opgestel om te voldoen aan die Standaarde van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes* en oor *Belange in Gesamentlike Ondernemings*.

- .08 Vir 'n entiteit beskryf in paragraaf .07 is afsonderlike finansiële state die state wat opgestel en aangebied word bykomend tot die finansiële state waarna in paragraaf .07 verwys word. Afsonderlike finansiële state hoef nie as bylaes by daardie state gevoeg te word of dit te vergesel nie.
- .09 Die finansiële state van 'n entiteit wat nie 'n beheerde entiteit of geassosieerde of 'n ondernemersbelang in 'n gesamentlik beheerde entiteit het nie, is nie afsonderlike finansiële state nie.
- .10 'n Beherende entiteit wat ooreenkomstig paragraaf .15 vrygestel is van die aanbieding van gekonsolideerde finansiële state, mag afsonderlike finansiële state as sy enigste finansiële state aanbied.

Ekonomiese entiteit

- .11 Die term “ekonomiese entiteit” word in hierdie Standaard gebruik om, vir doeleindes van finansiële verslagdoening, 'n groep entiteite wat die beheerende entiteit en enige beheerde entiteite behels, te omskryf.
- .12 Ander terme wat soms gebruik word om na 'n ekonomiese entiteit te verwys, is “administratiewe entiteit”, “finansiële entiteit”, “gekonsolideerde entiteit” en “groep.”
- .13 Die begrip “ekonomiese entiteit” kan entiteite met sowel sosiale beleid as kommersiële doelwitte insluit. 'n Staatsbehuisingsdepartement kan byvoorbeeld 'n ekonomiese entiteit wees wat entiteite insluit wat behuising teen 'n nominale koste verskaf, asook entiteite wat verblyf op 'n kommersiële grondslag verskaf.

Aanbieding van gekonsolideerde finansiële state

- .14 *'n Beherende entiteit, uitgesonderd 'n beheerende entiteit wat in paragraaf .15 beskryf word, moet gekonsolideerde finansiële state aanbied waarin hy sy beleggings in beheerde entiteite in ooreenstemming met hierdie standaard konsolideer.*
- .15 *'n Beherende entiteit hoef nie gekonsolideerde finansiële state aan bied nie indien, en slegs indien:*
 - (a) *die beheerende entiteit self 'n volbeheerde entiteit is, of 'n deelbeheerde entiteit van 'n ander entiteit is, en die ander eienaars daarvan, met inbegrip van dié wat nie andersins stemgeregtig is nie, ingelig is en nie beswaar daarteen het dat die beheerende entiteit nie gekonsolideerde finansiële state aanbied nie;*

- (b) *die beherende entiteit se skuld of ekwiteitsinstrumente nie op 'n openbare mark ('n binnelandse of buitelandse aandelebeurs of 'n toonbankmark, plaaslike en streekmarkte met inbegrip van) verhandel word nie;*
 - (c) *die beherende entiteit nie sy finansiële state ingedien het, en ook nie besig is met die indiening daarvan, by 'n sekuriteitekommissie of ander regulerende organisasie met die doel om enige klas van instrumente op 'n openbare mark uit te gee nie; en*
 - (d) *die uiteindelijke of enige intermediêre beherende entiteit van die beherende entiteit gekonsolideerde finansiële state opstel wat vir openbare gebruik beskikbaar is en aan Standaarde van AERP voldoen.*
- .16 'n Beherende entiteit wat in ooreenstemming met paragraaf .15 verkies om nie gekonsolideerde finansiële state aan te bied nie en slegs afsonderlike finansiële state aanbied, voldoen aan paragraaf .59 tot .64.
- .17 Heelwat van die beherende entiteite wat in óf vol- óf deelbesit is, verteenwoordig sleutelsektore of aktiwiteite van die staat, en die doel met hierdie Standaard is nie om sulke entiteite vry te stel van die opstel van gekonsolideerde finansiële state nie. In hierdie situasie kan gekonsolideerde finansiële state slegs op heelregeringsvlak in die geheel moontlik nie aan die inligtingsbehoefte van sekere gebruikers voldoen nie.
- .18 In sommige gevalle sal 'n ekonomiese entiteit 'n aantal beherende tussenentiteite insluit. Terwyl die inkomstefonds byvoorbeeld die uiteindelijke beherende entiteit kan wees, mag daar beherende tussenentiteite op die uitvoerendegesag- en openbare-entiteitsvlak wees. Rekenpligtheids- en verslagdoeningsvereistes mag spesifiseer van watter entiteite daar vereis word om gekonsolideerde finansiële state op te stel (of watter van hierdie vereiste vrygestel is). Waar daar geen spesifieke verslagdoeningsvereiste aan 'n beherende tussenentiteit gestel word om gekonsolideerde finansiële state op te stel waarvoor daar waarskynlik gebruikers sal wees nie, moet beherende tussenentiteite gekonsolideerde finansiële state opstel en publiseer.

Omvang van gekonsolideerde finansiële state

- .19 *Gekonsolideerde finansiële state moet alle beheerde entiteite van die beherende entiteit insluit.*
- .20 'n Beheerde entiteit is nie uitgesluit van konsolidasie nie, want sy aktiwiteite verskil van dié van die ander entiteite binne die ekonomiese entiteit, byvoorbeeld die konsolidasie van SSO's met entiteite in die begrotingsektor. Tersaaklike inligting word verskaf deur die konsolidering van sulke beheerde entiteite en die openbaarmaking van bykomende inligting in die gekonsolideerde finansiële state oor die verskillende aktiwiteite van die beheerde entiteite. Die openbaarmakings vereis deur die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening* help byvoorbeeld om die

belangrikheid van verskillende aktiwiteite binne die ekonomiese entiteit te verduidelik.

- .21 'n Beherende entiteit verloor beheer wanneer hy die bevoegdheid verloor om die finansiële en bedryfsbeleid van 'n beleggingnemer te bepaal ten einde voordeel uit sy aktiwiteite te trek. Die verlies aan beheer kan voorkom met of sonder 'n verandering in vlakke van absolute of relatiewe eienaarskap. Dit sou byvoorbeeld kon geskied wanneer 'n beheerde entiteit onderhewig word aan die beheer van 'n ander regeringsfeer, 'n hof, 'n administrateur of reguleerder. Dit sou ook kon voorkom as gevolg van 'n bindende reëling.

Vasstelling van beheer van 'n ander entiteit vir doeleindes van finansiële verslagdoening

- .22 Of 'n entiteit 'n ander entiteit beheer vir doeleindes van finansiële verslagdoening is 'n kwessie van oordeel gegrond op die omskrywing van beheer in hierdie Standaard en die besondere omstandighede van elke geval. Dit wil sê, oorweging moet geskenk word aan die aard van die verband tussen die twee entiteite. In die besonder moet oorweging geskenk word aan die twee elemente van die omskrywing van beheer in hierdie Standaard. Dit is die beheerelement (die vermoë om die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit te beheer) en die voordeelelement (wat die vermoë van die beherende entiteit verteenwoordig om voordeel uit die aktiwiteite van die ander entiteit te trek).
- .23 Vir die doel van vasstelling van beheer moet die beherende entiteit voordeel kan trek uit die aktiwiteite van die ander entiteit. 'n Entiteit kan byvoorbeeld voordeel trek uit die aktiwiteite van 'n ander entiteit wat die uitkering van sy oorskotte (soos 'n dividend) betref en is blootgestel aan die risiko van potensiële verlies. In ander gevalle kan 'n entiteit moontlik nie enige finansiële voordele van die ander entiteit bekom nie, maar kan hy voordeel trek uit sy vermoë om die ander entiteit te rig om met hom saam te werk om sy doelwitte te bereik. Dit mag ook vir 'n entiteit moontlik wees om sowel finansiële as nie-finansiële voordele te trek uit die aktiwiteite van 'n ander entiteit. 'n SSO kan byvoorbeeld 'n beherende entiteit van 'n dividend voorsien en hom ook in staat stel om sommige van die doelwitte van sy sosiale beleid te bereik.
- .24 Toepassing van die omskrywing van beheer, soos in hierdie Standaard bepaal, kan die identifikasie tot gevolg hê van ander entiteite wat ook beheerde entiteite is, bykomend tot dié wat deur voldoening aan die toepaslike wetgewing geïdentifiseer is.
- .25 Ooreenkomstig die Grondwet geniet nasionale, provinsiale en plaaslike regerings grondwetlike onafhanklikheid. In bepaalde omstandighede kan 'n entiteit in een regeringsfeer egter in die administrasie van 'n entiteit in 'n ander regeringsfeer ingryp, byvoorbeeld deur middel van nasionale wetgewing, indien daardie ander entiteit nie sy uitvoerende verpligtinge kan nakom nie en dit ook nie doen nie. 'n Entiteit in die nasionale regeringsfeer kan byvoorbeeld ingryp in die administrasie van 'n munisipaliteit indien daardie munisipaliteit nie in staat is om sy grondwetlike of

wetgewende mandaat te vervul nie. Gedurende hierdie tydperk moet omstandighede geëvalueer word om vas te stel of die ingryping vir konsolidasiedoeleindes aan die omskrywing van beheer ingevolge hierdie Standaard voldoen al dan nie.

Beheer vir doeleindes van finansiële verslagdoening

- .26 Vir doeleindes van finansiële verslagdoening spruit beheer voort uit 'n entiteit se bevoegdheid om die finansiële en bedryfsbeleid van 'n ander entiteit te beheer en vereis nie noodwendig dat 'n entiteit 'n meerderheidsaandeelhouding of ander netto batebelang in die ander entiteit moet hou nie. Die bevoegdheid om te beheer moet in die huidige omstandighede uitoefenbaar wees, dit wil sê hierdie bevoegdheid moet reeds deur wetgewing of een of ander formele ooreenkoms aan die entiteit oorgedra wees. Die bevoegdheid om te beheer is nie vir die huidige uitoefenbaar nie indien dit meebring dat wetgewing gewysig moet word of ooreenkomste herbeding moet word ten einde effektief te wees. Dit moet onderskei word van die feit dat die bestaan van die bevoegdheid om 'n ander entiteit te beheer nie afhang van die waarskynlikheid of moontlikheid dat daardie bevoegdheid uitgeoefen word nie.

- .27 Insgelyks vereis die bestaan van beheer nie dat 'n entiteit die verantwoordelikheid moet hê vir die bestuur van (of betrokkenheid by) die daaglikse bedrywighede van die ander entiteit nie. In baie gevalle mag 'n entiteit slegs sy bevoegdheid om 'n ander entiteit te beheer uitoefen indien daar 'n verbreking of herroeping van 'n ooreenkoms tussen die beheerde entiteit en sy beherende entiteit is.

- .28 'n Staatsdepartement kan byvoorbeeld 'n eienaarsbelang hê in 'n entiteit wat as 'n SSO bedryf word. Daardie entiteit word toegelaat om outonoom sake te doen en verlaat hom nie op die staat vir befondsing nie, maar verkry kapitaal deur beduidende lenings wat deur die staat gewaarborg word. Die entiteit het etlike jare lank nie 'n dividend aan die staatsdepartement uitbetaal nie. Die staatsdepartement het die bevoegdheid om 'n meerderheid van die lede van die beheerliggaam van daardie entiteit aan te stel en te ontslaan. Die staatsdepartement het nooit die bevoegdheid uitgeoefen om lede van die beheerliggaam te ontslaan nie en sou huiwerig wees om dit te doen vanweë die sensitiwiteit onder die kieserskorps ten opsigte van die vorige regering se betrokkenheid by die bedrywighede van die entiteit. In hierdie geval is die bevoegdheid om te beheer tans uitoefenbaar, maar daar het nog nie ingevolge die bestaande verwantskap tussen die beheerde entiteit en die beherende entiteit 'n gebeurtenis plaasgevind wat dit vir die beherende entiteit nodig gemaak het om sy bevoegdheid oor die beheerde entiteit uit te oefen nie. Gevolglik bestaan daar beheer omdat die bevoegdheid om te beheer voldoende is, selfs al mag die beherende entiteit verkies om nie daardie bevoegdheid uit te oefen nie.

- .29 'n Entiteit kan aandeelwaarborg, aandeelkoopopsies, skuld- of ekwiteitsinstrumente besit wat in gewone aandele omskepbaar is, of ander vergelykbare instrumente wat die potensiaal het, indien dit uitgeoefen of omskep word, om die entiteit die stembevoegdheid te gee of 'n ander party se stembevoegdheid oor die finansiële en bedryfsbeleid van 'n ander entiteit (potensiële stemreg) te verminder. Die bestaan en uitwerking van potensiële stemreg wat tans uitoefenbaar of omskepbaar is, met

AERP 6

inbegrip van potensiele stemreg gehou deur 'n ander entiteit, word oorweeg wanneer bepaal word of 'n entiteit die bevoegdheid het om die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit te reël. Potensiele stemreg is vir die huidige nie uitoefenbaar of omskepbaar nie indien sulke regte byvoorbeeld tot 'n latere datum of tot die plaasvind van 'n latere gebeurtenis nie uitgeoefen kan word of omskep kan word nie.

- .30 Wanneer bepaal word of potensiele stemreg tot beheer bydra, ondersoek die entiteit alle feite en omstandighede (met inbegrip van die bepalinge van die uitoefening van die potensiele stemreg en enige ander kontraktuele reëlins, hetsy individueel oorweeg of gesamentlik) wat potensiele stemreg raak, behalwe die bedoeling van die bestuur en die finansiële vermoë om uit te oefen of te omskep.
- .31 Die bestaan van afsonderlike wetgewende bevoegdhede verhinder nie op sigself 'n entiteit daarvan om deur 'n ander entiteit beheer te word nie. Statistieke Suid-Afrika het byvoorbeeld statutêre bevoegdhede om onafhanklik van die staat te werk en kan dus die bevoegdheid hê om inligting te bekom en oor sy bevindinge verslag te doen sonder enige verpligting teenoor die staat of enige ander liggaam. Die bestaan van beheer vereis nie dat 'n entiteit die verantwoordelikheid moet hê vir die daaglikse bedrywighede van 'n ander entiteit of die manier waarop professionele funksies deur die entiteit vervul word nie.
- .32 Die bevoegdheid van een entiteit om besluitneming ten opsigte van die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit te reël is op sigself onvoldoende om die bestaan van beheer soos in hierdie Standaard omskryf te verseker. Die beherende entiteit moet in staat wees om besluitneming te reël ten einde voordeel te kan trek uit sy bedrywighede, byvoorbeeld deur die ander entiteit in staat te stel om in die nastrewing van sy doelstellings as deel van 'n ekonomiese entiteit met hom saam te werk. Dit sal meebring dat uit die omskrywings van “beherende entiteit” en “beheerde entiteit” verwantskappe weggelaat word wat nie verder strek as byvoorbeeld dié van 'n likwidateur en die entiteit wat gelikwedeer word nie, en sal normaalweg 'n uitlener-lener-verhouding uitsluit. Insgelyks sal 'n trustee wie se verhouding met 'n trust nie verder strek as die normale verpligtinge van 'n trustee nie, nie oorweeg kan word om die trust vir doeleindes van hierdie Standaard te beheer nie.

Regulatoriese en aankoopbevoegdhede

- .33 Regerings en hul agentskappe het die bevoegdheid om die optrede van baie entiteite met behulp van hul soewereine of wetgewende bevoegdhede te reël. Regulatoriese en aankoopbevoegdhede geld vir die doeleindes van finansiële verslagdoening nie as beheer nie. Om te verseker dat die finansiële state van entiteite slegs daardie hulpbronne insluit wat hulle beheer en waaruit hulle voordeel kan trek, word die betekenis van beheer vir doeleindes van hierdie Standaard nie tot die volgende uitgebrei nie:
 - (a) die bevoegdheid van die wetgewer om die regulatoriese raamwerk vas te stel waarbinne entiteite werk en om voorwaardes of sanksies op hul bedrywighede voor te skryf. Sodanige bevoegdheid beteken nie beheer deur 'n entiteit oor die

bates wat deur hierdie entiteite ontplooi word nie. 'n Besoedelingsbeheerowerheid mag byvoorbeeld die bevoegdheid hê om die bedrywighede van entiteite stop te sit wat nie omgewingsregulasies nakom nie. Hierdie bevoegdheid beteken egter nie beheer nie, omdat die besoedelingsbeheerowerheid slegs beskik oor die bevoegdheid om te reguleer.

of

- (b) entiteite wat ekonomies van 'n entiteit afhanklik is: dit wil sê, waar 'n entiteit die diskresie behou om befondsing te aanvaar van of sake doen met 'n entiteit, het daardie entiteit die uiteindelijke bevoegdheid om sy eie finansiële of bedryfsbeleide te reël, en word gevolglik nie deur die entiteit beheer nie. 'n Staatsdepartement mag byvoorbeeld in staat wees om die finansiële en bedryfsbeleid van 'n entiteit wat vir befondsing van hom afhanklik is (soos 'n organisasiesonder winsbejag) of 'n winsgeoriënteerde entiteit wat ekonomies vir besigheid van hom afhanklik is, te beïnvloed. Gevolglik het die staatsdepartement 'n mate van bevoegdheid as 'n koper, maar nie om die entiteit se finansiële en bedryfsbeleide te reël nie.

Vasstelling of daar vir doeleindes van finansiële verslagdoening beheer bestaan

- .34 Entiteite mag ander entiteite tot stand bring om sommige van hul doelwitte te bereik. In sommige gevalle mag dit duidelik wees dat 'n entiteit beheer word, en gevolglik gekonsolideer moet word. In ander gevalle is dit dalk nie so duidelik nie. Paragraaf .35 en .36 verskaf riglyne om vas te stel of daar vir doeleindes van finansiële verslagdoening beheer bestaan al dan nie.
- .35 In die ondersoek na die verhouding tussen twee entiteite word die bestaan van beheer veronderstel wanneer daar ten minste een van die volgende bevoegdheidsvoorwaardes en een van die volgende voordeelvoorwaardes bestaan, tensy daar duidelike bewyse is dat beheer deur 'n ander entiteit gehou word.

Bevoegdheidsvoorwaardes

- (a) Die entiteit het regstreeks of onregstreeks deur middel van beheerde entiteite eienaarskap van 'n meerderheidstembelang in die ander entiteit.
- (b) Die entiteit het die bevoegdheid, hetsy verleen deur of uitgeoefen binne bestaande wetgewing, om 'n meerderheid van die lede van die direksie of ekwivalente beheerliggaam aan te stel of te ontslaan, en die beheer van die entiteit is in die hande van daardie direksie of liggaam.
- (c) Die entiteit het die bevoegdheid om op 'n algemene vergadering van die ander entiteit te stem of die meerderheid van die stemme wat waarskynlik uitgebring mag word, te beheer.
- (d) Die entiteit het die mag om die meerderheidstem uit te bring op vergaderings van die direksie of gelykwaardige beheerliggaam, en die beheer van die entiteit is in die hande van daardie raad of liggaam.

Voordeelvoorwaardes

- (a) Die entiteit het die bevoegdheid om die ander entiteit te ontbind en 'n beduidende vlak van die oorblywende ekonomiese voordele te bekom of belangrike verpligtinge op hom te neem. Die voorwaarde vir voordele kan byvoorbeeld nagekom word indien die verantwoordelikheid vir die oorblywende verpligtinge van 'n ander entiteit aan 'n entiteit toevertrou is.
 - (b) Die entiteit het die bevoegdheid om uitkerings van bates deur die ander entiteit te bewerkstellig, en/of mag vir bepaalde verpligtinge van die ander entiteit aanspreeklik wees.
- .36 Wanneer een of meer van die omstandighede wat in paragraaf .35 gelys word, nie bestaan nie, kan die volgende faktore waarskynlik, hetsy individueel of gesamentlik, aanduidend wees van die bestaan van beheer.

Aanwysers van bevoegdheid

- (a) Die entiteit beskik oor die bevoegdheid om bedryfs- en kapitaalebegrotings van die ander entiteit te veto.
- (b) Die entiteit beskik oor die bevoegdheid om beheerliggaambesluite van die ander entiteit te veto, te verwerp of te wysig.
- (c) Die entiteit beskik oor die bevoegdheid om die huur, hertoewysing en ontslag van sleutelpersoneel van die ander entiteit goed te keur.
- (d) Die mandaat van die ander entiteit word deur wetgewing vasgestel en beperk.
- (e) Die entiteit hou 'n "goue aandeel"¹ (of die ekwivalent daarvan) in die ander entiteit wat regte verleen om die finansiële en bedryfsbeleid van daardie ander entiteit te beheer.
- (f) Die entiteit beskik oor die vermoë om die missie of mandaat van die entiteit te bepaal of te wysig.
- (g) Die entiteit beskik oor die vermoë om lenings- of beleggingsperke te bepaal of die entiteit se beleggings te beperk.
- (h) Die entiteit beskik oor die vermoë om die inkomstegenererende vermoë van die entiteit te beperk, en veral die inkomstebronne.

Aanwysers van voordeel

- (a) Die entiteit is regstreekse of onregstreekse geregtig op die netto bates van die ander entiteit met 'n voortgesette reg op toegang daartoe.
- (b) Die entiteit het 'n reg op 'n beduidende vlak van die netto bates van die ander entiteit in die geval van 'n likwidasië of in 'n ander uitkering as 'n likwidasië.

¹ "Goue aandeel" verwys na 'n aandeelklas wat die houer geregtig maak op gespesifiseerde bevoegdhede of regte wat in die algemeen dié oortref wat normaalweg geassosieer word met die houer se eienaarsbelang of verteenwoordiging op die beheerliggaam.

- (c) Die entiteit is in staat om die ander entiteit te beveel om met hom saam te werk ter bereiking van sy doelwitte.
- (d) Die entiteit is blootgestel aan die oorblywende verpligtinge van die ander entiteit.
- (e) Die entiteit het voortgesette toegang tot die bates van 'n entiteit, beskik oor die vermoë om die voortgesette gebruik van daardie bates voor te skryf of bly steeds verantwoordelik vir tekorte.


Spesialedoelentiteit

- .37 'n Entiteit kan tot stand gebring word om sowel 'n eng as 'n goed omskrewe doel te bereik (byvoorbeeld om 'n verhuring, navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite of sekuritering van finansiële bates te bewerkstellig). So 'n spesialedoelentiteit kan die vorm aanneem van 'n korporasie, 'n trust, 'n vennootskap of 'n ongeïnkorporeerde entiteit. Spesialedoelentiteite word dikwels tot stand gebring met behulp van regsreëlings wat streng en soms permanente beperkinge plaas op die besluitnemingsbevoegdheid van die betrokke bestuursraad, trustee of bestuur oor die bedrywighede van die spesialedoelentiteit. Dikwels spesifiseer hierdie bepalinge dat die beleid wat die voortgesette aktiwiteite van die spesialedoelentiteit rig, nie gewysig mag word nie, behalwe miskien deur die totstandbrenger of borg daarvan (d.w.s. hulle bestuur hulself).
- .38 Die borg (of entiteit namens wie die spesialedoelentiteit tot stand gebring is) dra dikwels bates oor na die spesialedoelentiteit, verkry die reg om bates te gebruik wat deur die spesialedoelentiteit gehou word of lewer dienste aan die spesialedoelentiteit, terwyl ander partye ("kapitaalvoorsiensers") die befondsing aan die spesialedoelentiteit kan verskaf. 'n Entiteit wat transaksies met 'n spesialedoelentiteit (dikwels die totstandbrenger of borg) aangaan, kan in wese die spesialedoelentiteit beheer.
- .39 'n Voordelige belang in 'n spesialedoelentiteit kan byvoorbeeld die vorm aanneem van 'n skuldinstrument, 'n ekwiteitsinstrument, 'n winsdelingsreg, 'n oorblywende belang of 'n huurkontrak. Sommige voordelige belange kan die houer gewoonweg voorsien van 'n vaste of aangegewe opbrengskoers, terwyl ander aan die houer regte of toegang verleen tot ander toekomstige ekonomiese voordele van die spesialedoelentiteit se aktiwiteite. In die meeste gevalle behou die totstandbrenger of borg (of die entiteit namens wie die spesialedoelentiteit tot stand gebring is) 'n beduidende voordelige belang in die spesialedoelentiteit se aktiwiteite, selfs al besit hy min of niks van die spesialedoelentiteit se netto bates nie.
- .40 'n Oordrag van bates van 'n entiteit na 'n spesialedoelentiteit kan kwalifiseer as 'n verkoop deur daardie entiteit. Selfs indien die oordrag wel kwalifiseer as 'n verkoop, kan die bepalinge van hierdie Standaard beteken dat die entiteit die spesialedoelentiteit moet konsolideer. Hierdie Standaard skenk nie aandag aan die omstandighede waarin verkoopsbehandeling vir die entiteit van toepassing moet wees nie, of aan die uitskakeling van die gevolge van so 'n verkoop op konsolidasie nie.

AERP 6

- .41 In die konteks van 'n spesialedoelentiteit kan beheer ontstaan deur die voorafbepaling van die aktiwiteite van die spesialedoelentiteit (wat op sy eie funksioneer), of andersins. Paragraaf .35 dui omstandighede aan wat beheer tot gevolg het, selfs in gevalle waar 'n entiteit een helfte of minder van die stembevoegdheid van 'n ander entiteit besit. Insgelyks kan daar beheer wees selfs in gevalle waar 'n entiteit min of geen van die spesialedoelentiteit se netto bates besit nie. Die toepassing van die beheerbegrip vereis in elke geval oordeel in die konteks van al die tersaaklike faktore.
- .42 Bykomend tot die situasies beskryf in paragraaf .35 kan die volgende omstandighede byvoorbeeld dui op 'n verhouding waarin 'n entiteit 'n spesialedoelentiteit beheer en gevolglik die spesialedoelentiteit moet konsolideer:
- (a) In wese word die aktiwiteite van die spesialedoelentiteit namens die entiteit ooreenkomstig sy spesifieke bedryfsbehoefte bedryf sodat die entiteit voordele uit die spesialedoelentiteit se bedrywigheid trek.
 - (b) In wese het die entiteit die besluitnemingsbevoegdhede om die meeste voordele van die aktiwiteite van die spesialedoelentiteit te bekom of hierdie besluitnemingsbevoegdhede te deleger deur die opstelling van 'n "selfbestuur"-meganisme.
 - (c) In wese het die entiteit die regte om die meeste van die voordele van die spesialedoelentiteit te bekom en kan derhalwe blootgestel word aan risiko's wat gepaard gaan met die aktiwiteite van die spesialedoelentiteit.
 - (d) In wese behou die entiteit die meeste van die oorblywende of eienaarsrisiko's wat betrekking het op die spesialedoelentiteit of sy bates ten einde voordele uit sy aktiwiteite te trek.
- .43 Die volgende diagram dui die basiese stappe aan wat die bepaling van beheer oor 'n ander entiteit behels. Dit moet in samehang met paragraaf .22 tot .42 gelees word.

Bepaling van beheer van 'n ander entiteit vir doeleindes van finansiële verslagdoening



Konsolidasieprosedures

- .44 By die opstel van gekonsolideerde finansiële state kombineer 'n entiteit die finansiële state van die beherende entiteit en sy beheerde entiteite lyn vir lyn deur van eenderse items van bates, laste, netto bates, inkomste en uitgawes by mekaar te tel. Om dit moontlik te maak vir die gekonsolideerde finansiële state om finansiële

AERP 6

inligting oor die ekonomiese entiteit as dié van 'n enkele entiteit weer te gee, word die volgende stappe gevolg:

- (a) Die drabedrag van die beherende entiteit se belegging in elke beheerde entiteit en die beherende entiteit se gedeelte van die netto bates van elke beheerde entiteit word uitgeskakel (kyk die Standaard van AERP oor *Entiteitskombinasies*, wat die behandeling van enige gevolglike klandisiewaarde beskryf).
- (b) Minderheidsbelange in die oorskot of tekort van gekonsolideerde beheerde entiteite word vir die verslagdoeningstydperk geïdentifiseer.
- (c) Minderheidsbelange in die netto bates van gekonsolideerde beheerde entiteite word afsonderlik van die beherende entiteit se netto bates in hulle geïdentifiseer. Minderheidsbelange in die netto bates bestaan uit:
 - (i) die bedrag van daardie minderheidsbelange teen die datum van die oorspronklike kombinasie bereken in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Entiteitskombinasies*; en
 - (ii) die minderheidsdeel van veranderinge in netto bates sedert die datum van kombinasie.

.45 Indien daar potensiële stemreg bestaan, word die gedeeltes oorskot of tekort en veranderinge in netto bates aan die beherende entiteit toegedeel, terwyl minderheidsbelange op grond van bestaande eienaarsbelange bepaal word en nie die moontlike uitoefening of omskakeling van potensiële stemreg weerspieël nie.

.46 *Saldo's, transaksies, inkomste en uitgawes tussen entiteite binne die ekonomiese entiteit moet volledig uitgeskakel word.*

.47 Saldo's en transaksies tussen entiteite binne die ekonomiese entiteit, met inbegrip van inkomste uit verkope, en oordragte en inkomste wat erken word voortspruitend uit 'n bestemming of ander begrotingsmagtiging, uitgawes en dividende, word volledig uitgeskakel. Oorskotte en tekorte voortspruitend uit transaksies binne die ekonomiese entiteit wat in bates in rekening gebring word, soos voorraad en vaste bates, word volledig uitgeskakel. Tekorte binne die ekonomiese entiteit kan 'n aanduiding wees van 'n waardedaling wat erkenning in die gekonsolideerde finansiële state vereis. Die International Accounting Standard oor *Income Taxes* is van toepassing op tydelike verskille wat voortspruit uit afskrywing van oorskotte en tekorte voortspruitend uit transaksies binne die ekonomiese entiteit.

.48 *Die finansiële state van die beherende entiteit en sy beheerde entiteite wat by die opstel van die gekonsolideerde finansiële state gebruik word, moet met ingang van dieselfde verslagdoeningsdatum opgestel word. Indien die verslagdoeningsdatums van die beherende entiteit en 'n beheerde entiteit verskil, moet die beheerde entiteit vir konsolidasiedoeleindes bykomende finansiële state met ingang van dieselfde datum as die beherende entiteit opstel, tensy dit prakties onuitvoerbaar is om dit te doen.*

- .49** *Indien die finansiële state van 'n beheerde entiteit wat in ooreenstemming met paragraaf .48 by die opstel van gekonsolideerde finansiële state gebruik word en dit opgestel word met ingang van 'n verslagdoeningsdatum wat verskil van dié van die beherende entiteit, moet aansuiwerings gemaak word vir die uitwerking van belangrike transaksies of gebeurtenisse wat tussen daardie datum en die datum van die beherende entiteit se finansiële state voorkom. In elk geval moet die verskil tussen die verslagdoeningsdatum van die beheerde entiteit en dié van die beherende entiteit nie meer as drie maande wees nie. Die lengte van die verslagdoeningstydperke en enige verskil in die verslagdoeningsdatums moet van tydperk tot tydperk dieselfde wees.*
- .50** *Gekonsolideerde finansiële state moet opgestel word met gebruik van eenvormige rekeningkundige beleide vir vergelykbare transaksies en ander gebeurtenisse in soortgelyke omstandighede.*
- .51** As 'n lid van die ekonomiese entiteit ander rekeningkundige beleide gebruik as dié wat in die gekonsolideerde finansiële state vir vergelykbare transaksies en gebeure in soortgelyke omstandighede aanvaar is, word toepaslike aansuiwerings aan sy finansiële state by die opstelling van die gekonsolideerde finansiële state gemaak.
- .52** Die inkomste en uitgawes van 'n beheerde entiteit word ingesluit in die gekonsolideerde finansiële state vanaf die verkrygingsdatum soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Entiteitskombinasies*. Die inkomste en uitgawes van 'n beheerde entiteit word ingesluit in die gekonsolideerde finansiële state tot op die datum waarop die beherende entiteit ophou om die beheerde entiteit te beheer. Die verskil tussen die opbrengs uit die vervreemding van die beheerde entiteit en sy drabedrag met ingang van die datum van vervreemding, met inbegrip van die kumulatiewe bedrag van enige wisselkoersverskille wat betrekking het op die beheerde entiteit soos in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Die Uitwerking van Veranderinge in Wisselkoerse* in netto bates erken, word in die gekonsolideerde staat van finansiële prestasie as die oorskot of tekort op die vervreemding van die beheerde entiteit erken.
- .53** *'n Belegging in 'n entiteit moet in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente in rekening gebring word vanaf die datum waarop hy ophou om 'n beheerde entiteit te wees, mits hy nie 'n geassosieerde word soos in die Standaard van AERP oor Beleggings in Geassosieerdes omskryf word of 'n gesamentlik beheerde entiteit soos in die Standaard van AERP oor Belange in Gesamentlike Ondernemings beskryf word nie.*
- .54** *Die drabedrag van die belegging op die datum waarop die entiteit ophou om 'n beheerde entiteit te wees, moet beskou word as die billike waarde by die aanvanklike erkenning van 'n finansiële bate ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente.*
- .55** *Minderheidsbelange moet in die gekonsolideerde staat van finansiële stand aangebied word, en wel afsonderlik van die beherende entiteit se belange in*

netto bates. Minderheidsbelange in die oorskot of tekort van die ekonomiese entiteit moet ook afsonderlik openbaar gemaak word.

- .56 Die oorskot of tekort word toegeskryf aan die beherende entiteit en minderheidsbelange. Omdat albei 'n belang by die netto bates het, is die bedrag wat aan minderheidsbelange toegeskryf word, nie inkomste of uitgawes nie.
- .57 Verliese van toepassing op die minderheid in 'n gekonsolideerde beheerde entiteit kan die minderheidsbelang in die beheerde entiteit se netto bates oorskry. Die oormaat, en enige verdere verliese van toepassing op die minderheid, word toegewys teen die meerderheidsbelang behalwe in die mate waarin die minderheid 'n bindende verpligting het, en daartoe in staat is om 'n bykomende belegging te maak om die verliese te dek. As die beheerde entiteit daarna oorskotte kan toon, word sodanige oorskotte toegewys aan die meerderheidsbelang tot tyd en wyl die minderheidsaandeel van verliese wat voorheen deur die meerderheid geabsorbeer is, verhaal is.
- .58 As 'n beheerde entiteit uitstaande kumulatiewe voorkeuraandele het wat deur minderheidsbelange gehou word en as netto bates geklassifiseer word, bereken die beherende entiteit sy deel van die oorskotte of tekorte ná aanpassing vir die beheerde entiteit se voorkeurdividende op sulke aandele, of dividende verklaar is al dan nie.

In rekening bring van beleggings in beheerde entiteite, gesamentlik beheerde entiteite en geassosieerdes in afsonderlike finansiële state

- .59 ***Indien afsonderlike finansiële state opgestel word, moet beleggings in beheerde entiteite, gesamentlik beheerde entiteite en geassosieerdes wat nie ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Beëindigde Bedrywighede geklassifiseer is as gehou vir verkoop nie (of nie ingesluit is in 'n vervreemdingsgroep wat geklassifiseer is as te koop nie), in rekening gebring word:***
 - (a) ***óf teen kosprys;***
 - (b) ***óf ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente.***

Dieselfde rekeningkundige behandeling moet aangewend word vir elke kategorie beleggings.
- .60 Hierdie Standaard bepaal nie watter entiteite afsonderlike finansiële state opstel wat vir openbare gebruik beskikbaar is nie. Paragraaf .59 en .61 tot .64 geld wanneer 'n entiteit afsonderlike finansiële state opstel wat aan Standaarde van AERP voldoen. Die entiteit stel ook gekonsolideerde finansiële state beskikbaar vir openbare gebruik soos vereis deur paragraaf .14, tensy die vrystelling waarvoor in paragraaf .15 voorsiening gemaak word, van toepassing is

- .61** *Beleggings in beheerde entiteite, gesamentlik beheerde entiteite en geassosieerdes wat in die gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente in rekening gebring word, moet op dieselfde manier in die belegger se afsonderlike finansiële state in rekening gebring word.*

Openbaarmaking

- .62** *Die volgende openbaarmakings moet in gekonsolideerde finansiële state gemaak word:*

- (a) die naam van die beheerde entiteit en die aard van die verhouding tussen die beherende entiteit en 'n beheerde entiteit wanneer die beherende entiteit nie regstreeks of onregstreeks deur beheerde entiteite oor meer as die helfte van die stembevoegdheid beskik nie;*
- (b) die naam van die beheerde entiteit en die redes waarom die eienaarskap, regstreeks of onregstreeks deur beheerde entiteite, van meer as die helfte van die stembevoegdheid of potensiele stembevoegdheid van 'n beleggingnemer nie beheer uitmaak nie;*
- (c) die verslagdoeningsdatum van die finansiële state van 'n beheerde entiteit waar sodanige finansiële state aangewend word om gekonsolideerde finansiële state op te stel en van krag is van 'n verslagdoeningsdatum af of vir 'n tydperk wat verskil van dié van die beherende entiteit, en die rede vir gebruikmaking van 'n ander verslagdoeningsdatum of -tydperk;*
- (d) die feit dat die verslagdoeningsdatum van 'n beheerde entiteit se finansiële state verander is van dié wat gebruik is vir konsolidasiedoeleindes in vorige jare en die uitwerking van die verandering op die gekonsolideerde finansiële state, indien toepaslik;*
- (e) die aard en omvang van enige beduidende beperkings (statutêr, kontraktueel of deviesebeheer, bv. voortspruitend uit leenooreenkomste) op die vermoë van beheerde entiteite om fondse na die beherende entiteit oor te dra in die vorm van kontantdividende of om lenings of voorskotte terug te betaal;*
- (f) 'n lys van belangrike beheerde entiteite;*
- (g) oorskotte of tekorte op die verkoop van aandele of ander verwaterings van beheerde entiteite deur die belegger;*
- (h) gelde gehef vir administrasie van die beheerde entiteit; en*
- (i) die wetlike naam van enige beheerde entiteit waarin, teen die beherende entiteit se verslagdoeningsdatum, die eienaarsbelang wat aan die beherende entiteit toeskryfbaar is, 50 persent of minder is, tesame met 'n verduideliking van hoe beheer geskied.*

- .63** *Wanneer afsonderlike finansiële state vir 'n beherende entiteit opgestel word*

wat, in ooreenstemming met paragraaf .15, verkies om nie gekonsolideerde finansiële state op te stel nie, moet daardie afsonderlike finansiële state die volgende openbaar maak:

- (a) die feit dat die finansiële state afsonderlike finansiële state is; dat die vrystelling van konsolidasie benut is; die naam en land van inkorporasie of verblyfplek van die entiteit waarvan die gekonsolideerde finansiële state wat aan Standaarde van AERP voldoen vir openbare gebruik beskikbaar gestel is; die adres waar daardie gekonsolideerde finansiële state beskikbaar is;*
- (b) 'n lys belangrike beleggings in beheerde entiteite, gesamentlik beheerde entiteite en geassosieerdes, met inbegrip van die naam, land van inkorporasie of verblyf, die gedeelte van eienaarsbelang en, indien dit verskil, daardie deel van die stembevoegdheid wat gehou word; en*
- (c) 'n beskrywing van die metode wat gebruik is om die beleggings gelys onder (b) in rekening te bring.*

.64 *Wanneer 'n beheerende entiteit (uitgesonderd 'n beheerende entiteit gedek deur paragraaf .63), 'n ondernemer met 'n belang in 'n gesamentlik beheerde entiteit of 'n belegger in 'n geassosieerde afsonderlike finansiële state opstel, moet daardie afsonderlike finansiële state die volgende openbaar maak:*

- (a) die feit dat die finansiële state afsonderlike finansiële state is en die redes waarom daardie state opgestel word indien nie deur die wet vereis nie;*
- (b) 'n lys belangrike beleggings in beheerde entiteite, gesamentlik beheerde entiteite en geassosieerdes, met inbegrip van die naam, aard van bedrywighede, land van inkorporasie of verblyf, die gedeelte van eienaarsbelang en, indien dit verskil, daardie deel van die stembevoegdheid wat gehou word; en*
- (c) 'n beskrywing van die metode wat gebruik is om die beleggings gelys onder (b) in rekening te bring;*

en moet dit die finansiële state identifiseer wat opgestel is ooreenkomstig paragraaf .14 van hierdie Standaard, die Standaard van AERP oor Beleggings in Geassosieerdes en die Standaard van AERP oor Belange in Gesamentlike Ondernemings waarop hulle betrekking het.

.65 *Wanneer 'n beheerde entiteit eksklusief verkry word met die oog daarop om dit later van die hand te sit, moet die volgende in die aantekeninge by die afsonderlike finansiële state openbaar gemaak word:*

- (a) die naam van die beheerde entiteit en die beweegrede vir die verkryging daarvan;*
- (b) 'n beskrywing van die bedoelde vervreemding, met inbegrip van die verwagte datum van die verkoop of oordrag; en*
- (c) die drawaardes van die bates en laste wat deur die vervreemding van die*

beheerde entiteit geraak sal word.

Oorgangsbepalings

- .66** *Die oorgangsbepalings wat entiteite by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard moet toepas, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet saam met elke toepaslike lasgewing gelees word.*

Datum van inwerkingtrede

- .67** *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

Herroeping van ander uitsprake

- .68** *Wanneer hierdie Standaard in werking tree vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of na (datum wat deur die Minister van Finansies vasgestel word), sal dit die Standaard van Algemeen Aanvaarde Munisipale Rekeningkundige Praktyk (AAMRP) oor Gekonsolideerde Finansiële State en Rekeningkunde vir Beheerde Entiteite (April 2004) vervang.*

Bylae

Die bylae is slegs verduidelikend en vorm nie deel van hierdie Standaard nie. Die doel met die bylae is om die toepassing daarvan toe te lig om sodoende te help met opheldering van die betekenis daarvan.

Aanwysers van beheer oor 'n spesialedoelentiteit

Die voorbeelde in paragraaf .42 is bedoel om verskillende soorte omstandighede aan te dui wat oorweeg behoort te word by die evaluering van 'n bepaalde reëling in die lig van die inhoud-bo-vorm-beginsel. Die riglyne wat in hierdie Standaard verskaf word, is nie bedoel om gebruik te word as "n omvattende kontrolelys" van voorwaardes wat kumulatief nagekom moet word om konsolidasie van 'n spesialedoelentiteit voor te skryf nie.

Aktiwiteite

Die aktiwiteite van die spesialedoelentiteit word in wese uitgevoer namens die verslagdoenende entiteit, wat die spesialedoelentiteit regstreeks of onregstreeks ooreenkomstig sy spesifieke besigheidsbehoeftes tot stand gebring het.

Voorbeelde hiervan is soos volg:

- die spesialedoelentiteit is in beginsel betrokke by die verskaffing van 'n bron van langtermynkapitaal aan 'n entiteit of befondsing om 'n entiteit se voortgaande hoof- of sentrale bedrywighede te ondersteun; of
- die spesialedoelentiteit verskaf 'n voorraad goedere of dienste wat in ooreenstemming is met 'n entiteit se voortgaande hoof- of sentrale bedrywighede wat sonder die bestaan van die spesialedoelentiteit deur die entiteit self voorsien sou moes word.

Ekonomiese afhanklikheid van 'n entiteit van die verslagdoenende entiteit (soos verhoudings van verskaffers met 'n belangrike klant) lei nie op sigself tot beheer nie.

Besluitneming

Die verslagdoenende entiteit het in wese die besluitnemingsbevoegdheid om die spesialedoelentiteit of sy bates te beheer of beheer daarvoor te verkry, met inbegrip van bepaalde besluitnemingsbevoegdheid wat tot stand kom ná die stigting van die spesialedoelentiteit. Sodanige besluitnemingsbevoegdheid kon gedelegeer gewees het deur die instelling van 'n "selfbestuur"-meganisme.

Voorbeelde hiervan is soos volg:

- die bevoegdheid om 'n spesialedoelentiteit eensydig te ontbind;
- die bevoegdheid om 'n spesialedoelentiteit se oktrooi of verordeninge te verander; of
- die bevoegdheid om voorgestelde veranderinge aan 'n spesialedoelentiteit se oktrooi of verordeninge te veto.

Voordele

Die verslagdoenende entiteit het, in wese, regte om 'n meerderheid van die voordele van die spesialedoelentiteit se aktiwiteite deur wetgewing, kontrak, ooreenkoms of trustakte, of enige ander skema, reëling of middel te verkry. Sodanige regte op voordele in die spesialedoelentiteit kan aanduiders wees van beheer indien hulle gespesifiseer is ten gunste van 'n entiteit wat betrokke is by transaksies met 'n spesialedoelentiteit en daardie entiteit in 'n posisie is om daardie voordele uit die finansiële prestasie van die spesialedoelentiteit te trek.

Voorbeelde hiervan is soos volg:

- regte op 'n meerderheid van enige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uitgegee deur 'n entiteit in die vorm van toekomstige netto kontantvloei, verdienste, netto bates of ander ekonomiese voordele of dienspotensiaal; of
- regte op meerderheids- oorblywende belange in geskeduleerde oorblywende uitkerings of in 'n likwidasië van die spesialedoelentiteit.

Risiko's

'n Aanduiding van beheer kan verkry word deur evaluering van die risiko's van elke party betrokke by transaksies met 'n spesialedoelentiteit. Dikwels waarborg die verslagdoenende entiteit 'n opbrengs of kredietbeskerming regstreeks of onregstreeks deur die spesialedoelentiteit aan buitebeleggers wat wesenlik al die kapitaal aan die spesialedoelentiteit verskaf. As gevolg van die waarborg behou die entiteit oorblywende of eienaarskaprisiko's en die beleggers is, in wese, slegs leners omdat hul blootstelling aan oorskotte en tekorte beperk is.

Voorbeelde hiervan is soos volg:

- Die kapitaalvoorsieners het nie 'n beduidende belang in die onderliggende netto bates van die spesialedoelentiteit nie.
- Die kapitaalvoorsieners het nie regte op die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die spesialedoelentiteit nie.
- Die kapitaalvoorsieners is nie wesenlik blootgestel aan die inherente risiko's van die onderliggende netto bates of bedrywighede van die spesialedoelentiteit nie.
- In wese ontvang die kapitaalvoorsieners hoofsaaklik 'n teenprestasie gelykstaande aan 'n lener se opbrengs deur 'n skuld of netto batebelang.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* (Mei 2000)

Hierdie Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities*. Die belangrikste verskille tussen die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* en die International Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* is soos volg:

- 'n Doelstellingsparagraaf is ingesluit in hierdie Standaard, terwyl die International Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* nie een bevat nie.
- Die omvang van hierdie Standaard verskil van dié van die International Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* dat staatsbesigheidsondernemings anders gedefinieer word. Die inleidende gedeelte van hierdie Standaard verduidelik die omvang en die toepaslikheid daarvan.
- Hierdie Standaard het twee nuwe omskrywings vir die terme 'bestuur' en 'spesialedoelentiteit' opgeneem, terwyl IPSAS 6 dit nie bevat nie.
- Paragrafe wat in die *International Public Sector Accounting Standard* ingesluit is, is na die *Raamwerk vir die Opstelling en Aanbieding van Finansiële State* verskuif en is gevolglik uit hierdie Standaard geskrap, byvoorbeeld paragrafe wat die verduidelikende materiaal oor "toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal" gedek het.
- Die *International Public Sector Accounting Standard* oor *Financial Reporting of Interests in Joint Ventures* beskryf die res van totale bates ná aftrekking van totale laste as "netto bates/ekwiteit", terwyl hierdie standaard daarna verwys as "netto bates".
- Hierdie Standard het veranderinge aan die International Accounting Standards aangebring ooreenkomstig die verbeteringsprojek van die International Accounting Standards Board (IASB). Dit sluit in die vereiste om die bestaan en uitwerking van potensiële stemreg wat tans uitgeoefen kan word of omskepbaar is, in aanmerking te neem wanneer die aanwesigheid van beheer, die verduideliking van eenvormige rekeningkundige beleide en die aanbieding van minderheidsbelange in die gekonsolideerde staat van finansiële stand binne netto bates afsonderlik van onder andere netto bates van die eienaars van beherende entiteite beoordeel word.
- Hierdie Standaard het die vrystelling van die opstel van gekonsolideerde finansiële state gewysig en verduidelik die vereistes vir 'n beherende entiteit om vrygestel te word van die opstel van gekonsolideerde finansiële state.

- Hierdie Standaard skryf nie die konsolidasie van 'n beheerde entiteit voor wat verkry is wanneer daar bewyse bestaan dat beheer bedoel is om tydelik te wees nie. Hierdie Standaard vereis dat hulle gekonsolideer word en spesifieke openbaarmakings in die aantekeninge by die afsonderlike finansiële state ingesluit word. Die International Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* vereis die uitsluiting van 'n beheerde entiteit van konsolidasie indien dit verkry en uitsluitlik gehou is met die oog daarop om dit in die nabye toekoms te vervreem .
- Hierdie Standaard laat nie die uitsluiting van konsolidasie van 'n belegging in 'n beheerde entiteit toe bloot omdat die beheerde entiteit bedryf word onder ernstige langtermynbepelings wat die beherende entiteit verhinder om voordeel uit sy aktiwiteite te trek nie, terwyl die International Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* sodanige entiteit van konsolidasie uitsluit.
- Hierdie Standaard, wat verduidelikende materiaal insluit, koppel toepaslike wetsvereistes aan vereistes in die Standaard vir die identifisering van beheerde entiteite.
- Hierdie Standaard behels aanwysers van bevoegdheid en voordeel bykomend tot dié wat vervat is in die International Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* wat riglyne bied vir die instelling van beheer oor 'n ander entiteit vir doeleindes van finansiële verslagdoening. Hierdie bykomende aanwysers van bevoegdheid en voordeel is geneem uit die IPSASB se besprekingsdokument getitel Government Reporting Entity.
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van toepassing is, word voorgeskryf in lasgewings 2 tot 4 uitgereik deur die Raad, en is nie ingesluit in die teks van die Standaard nie.
- Hierdie Standaard bevat bykomende openbaarmakingsvereistes waarvan sommige aanvaar is uit die verbeterde International Accounting Standard oor *Consolidated and Separate Financial Statements* om verslagdoening oor beleggings in beheerde entiteite deur beherende entiteite te verbeter.
- Hierdie Standaard stel as vereiste dat wanneer afsonderlike finansiële state opgestel word, beleggings in beheerde entiteite, gesamentlik beheerde entiteite en geassosieerdes in rekening gebring word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente: Erkennung en Meting*, terwyl die International Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* vereis dat sodanige beleggings deur óf gebruik van die billikheidsmetode in rekening gebring word, óf as 'n belegging in rekening gebring word.
- Terwyl hierdie Standaard riglyne en verduidelikende materiaal bevat oor die in rekening bring van spesialedoelentiteite wat oorgeneem is uit SIC 12 oor *Consolidation of Special Purpose Entities (SPEs)*, uitgegee deur die IASB om uitdruklike riglyne oor die konsolidasie van SPE's te bied, bevat die International



AERP 6

Public Sector Accounting Standard oor *Consolidated Financial Statements and Accounting for Controlled Entities* nie so iets nie. Die bylae bevat aanwysers van beheer oor 'n spesialedoelentiteit.